Leraarontwikkeling: 1 en 2 April 2020

Dit is min dat predikante die geleentheid kry om binne ‘n veilige ruimte hulle bedieningsvaardighede te evalueer en daarna aksieplanne op te stel om areas waar daar nog groei nodig is, aan te spreek. Die Noordelike Sinode se taakspan vir leraarontwikkeling skep nou sulke geleenthede om predikante te ondersteun sodat hulle in die gemeente of bedienings waar hulle tans is, lewensgeluk en bedieningsvreugde kan hê.

Daar word op nege bevoegdhede in die proses gefokus. Elke bevoegdheid het drie vlakke van vaardighede waaraan die predikante ge-evalueer word.

- Afrigting en mentorskap (Dissipelskap)
- Besluitneming
- Effektiewe kommunikasie (insluitend konflikhantering)
- Emosionele volwassenheid
- Leierskap
- Eienaarskap en verantwoordbaarheid
- Geloofsonderskeiding
- Geestelike volwassenheid
- Denkvermoë

Ons wil predikante uitnooi om deel te word van die geleentheid waar ons predikante in ons sinode die geleentheid gee hulleself aan die proses bloot te stel. Dit vind volgende jaar plaas van **1-2 April 2020** by NG Kerk Kameeldrif. (Neem kennis dat die kursus se datum verander het van 24 en 25 Februarie **na 1 en 2 April**)

Dit gaan soos volg werk:

1. Die predikant word ‘n deelnemer óf op grond daarvan dat hy/sy deur die taakspan uitgenooi word, of omdat hy/sy self versoek het om deel van die proses te word. ‘n Predikant kan ook deel van die proses word omdat sy/haar ring met ‘n proses in die gemeente besig is en dit daarom wenslik ag, óf omdat die gemeente/kerkraad dit versoek het.
2. Die predikant word gevra om ‘n vraelys op gelykkansige wyse deur vyf persone oor hom/haarself te laat invul en aan te stuur. Die taakspan verskaf die vraelys.
3. Die predikant (deelnemer) meld vir ‘n periode van drie dae by die gesprekke aan.
4. Daar word een begeleier vir die drie dae aan elke predikant toegewys wat die hele proses meemaak. Die predikant bring ook sy/haar mentor saam. Die drie persone vorm saam ‘n span en werk vir die drie dae as ‘n eenheid saam. Indien die predikant nie ‘n mentor het nie, kan ons help om ‘n geskikte mentor te kry.
5. Aan die einde van die proses is daar ‘n omvattende terugvoer-sessie waarin al die terugvoere en evaluerings geïntegreer word. Dit vind nooit in die groot groep plaas nie, maar slegs in ‘n gesprek tussen die predikant, die begeleier en die predikant se eie mentor.
6. Aan die einde van die drie dae word ‘n aksieplan saam met die predikant en sy/haar mentor opgestel.

Indien die predikant of sy/haar mentor nie self slaapplek in Pretoria het nie, is julle welkom om te skakel dat ons vir julle slaapplek reel. Etes word voorsien. Dit is noodsaaklik dat almal die volle tyd teenwoordig moet wees.

Predikante sal **VBO-punte** gelykstaande aan ‘n twee-dag-“kursus” ontvang.

Skakel gerus ons taakspanleier vir predikantebegeleiding, Roelf Opperman op sy selfoon 0823351156 as jy meer inligting benodig.